

LES 4: DIE SABBATDAG

Handelinge is 'n uiteensetting van die eertydse Nuwe Testamentiese gemeente van Yahweh. Dit is 'n opsomming van die belangrikste gebeure reg na die opstanding en hemelvaart van Yahshua terug na sy plek aan die regterhand van die Vader Yahweh. Verder getuig dit ook dat gelowiges op 'n sekere manier opgetree en gelewe het en is bedoel om as 'n voorbeeld en inspirasie vir die hedendaagse gemeentes te dien. Een aspek van hierdie gemeente was die gehoorsaamheid aan Yahweh se wette waarvan die Sabbat uiterlik getuig tot gelowigheid en gehoorsaamheid.

Vandag glo miljoene mense dat Sondag die sewende dag Sabbat vervang het en dit word aangeneem dat die vierde gebod gehoorsaam word deur Sondag kerk toe te gaan. Ander voel weer dat dit nie regtig belangrik of noodsaaklik is om 'n spesifieke dag in die week te heilig as die Sabbatdag nie. Hulle besluit vir hulself en glo dat elke dag 'n "spirituele" Sabbat is.

Kom ons kyk in die Woord van Yahweh na die waarheid tot hierdie sleutel gebod.

4.1 Wanneer en hoe was die Sabbat gemaak?

Gen 2:2 En Elohim het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al Sy werk wat Hy gemaak het.

Gen 2:3 En Elohim het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al Sy wat Elohim geskape het deur dit te maak.

Yahweh het die Sabbatdag geskep deur te rus op die sewende dag nadat Hy die skepping van hemel en aarde voltooi het. Hy het die Sabbatdag geseën en geheilig deur Sy guns daarop te plaas. Hy het dus die sewende dag afgesonder vir spesiale gebruik, doelwit en tyd wat elke sewende dag moet plaasvind.

Die Sabbatdag begin in die aand, met die afsluit van die sesde dag en eindig in die aand met die afsluit van die sewende dag – sonsondergang tot sonsondergang. *Levitikus 23:32* is 'n voorbeeld wat Yahweh aan ons voorsien het as voorskrif vir wanneer die dag begin en eindig. Nog twee voorbeelde word in *Nehemia 13:19* en in *Johannes 19:31* aangegee.

4.2 Vir wie het Yahweh die Sabbatdag gemaak?

Mark 2:27 En Hy sê vir hulle: Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie.

Pred 12:13 Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees Elohim en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense (want dit bring mens volmaaktheid).

"Die sabbat is gemaak vir die mens..." het Yahweh verklaar. Elke sewende dag, vanaf die skeppings week, het Elohim uitgesonder en geheilig as tyd wat spesiaal waargeneem moet word deur die mensdom. Die Sabbat was dus gemaak vir Adam en sy nasate en dit sluit almal wat vandag leef in. Die Sabbat is tot voordeel vir almal – hetsy almal dit onderhou soos Elohim dit bedoel en ingestel het.

Prediker 12:13 stipuleer dat elke mens 'n verantwoordelikheid het om Elohim se gebooie uit te oefen. Die betekenis wat die Hebreuse teks oordra is letterlik dat om YHWH se gebooie te gehoorsaam en daarvolgens te leef volmaaktheid tot ons as mens bring. Ses dae werk ons in die sweet van ons aangesig om die tafel van brood te voorsien en 'n dak oor ons kop te hou. Ons moet waak teen leuens vertel of om van ons buurman te steel, ons moet teen moord en egbreek waak, Yahweh se naam verheerlik en nie ydellik gebruik of tot niet maak nie. Waarlik, ons moet streef om al Yahweh se gebooie na te kom, maar dit is slegs die rus van die sewende dagse Sabbat, met die soeke na 'n verhouding met ons Skepper, wat die week en ons lewens betekenis gee en volmaaktheid meebring.

4.3 Wat het Elohim bedoel dat die mensdom voordeel trek uit die Sabbat?

Eks 20:8 Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig.

Eks 20:9 Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen;

Eks 20:10 maar die sewende dag is die sabbat van Yahweh jou Elohim; dan mag jy géén werk doen nie - jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie.

Eks 20:11 Want in ses dae het Yahweh die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het Yahweh die sabbatdag geseën en dit geheilig.

Deut 5:12 Onderhou die sabbatdag, dat jy dit heilig soos Yahweh jou Elohim jou beveel het.

Deut 5:13 Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen;

Deut 5:14 maar die sewende dag is die sabbat van Yahweh jou Elohim; dan mag jy géén werk doen nie - jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou os of jou esel of enige dier van jou, of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie; sodat jou dienskneg en jou diensmaagd kan rus soos jy.

Deut 5:15 En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland 'n slaaf was, en Yahweh jou Elohim jou daarvandaan uitgelei het deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm; daarom het Yahweh jou Elohim jou beveel om die sabbatdag te hou.

Let wel, Elohim het die sewende dag van die week heilig verklaar en Hy beveel ons om dit heilig te hou. Met ander woord, die Sabbatdag is geheiligde tyd en was gemaak om as 'n groot seëning te dien vir die mens.

Die woord *Shabbat* beteken *rus* of *beëindiging* in Hebreeus. Die mees opsigtelike redes om die Sabbat te heilig is omdat dit vir ons fisiese, verstandelike en geestelike rus meebring. Yahweh het geweet dat die mens periodiese rus en 'n verandering van daaglikse werk benodig, maar die rede hoekom Yahweh se Sabbat geheilig word gaan oor veel meer as net fisiese rus.

4.4 Die Sabbat herinner ons aan Yahweh se skepping

Eks 20:11 Want in ses dae het Yahweh die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het Yahweh die sabbatdag geseën en dit geheilig.

Wanneer ons op die sewende dag die Sabbat heilig, herinner dit ons dat Yahweh die Skepper van die hemel, die aarde en die mens is. Daarom is die Sabbatdag 'n herdenking aan Yahweh se skepping, wat die groot geestelike doel vir die skepping van die mens insluit.

Elohim het een sewende van die week afgesonder en geheilig om ons te herinner dat Hy die Skepper is. Die Sabbatdag gee ons die tyd en geleentheid om ons spirituele lewe te vernuwe deur hierdie nabye kontak met Elohim te handhaaf. Op die dag kry ons die kans om meer te dink oor Elohim, om te bid en Hom te prys (in die privaat asook in geselskap met ander) asook die Woord te bestudeer om meer te verstaan oor wat Sy doelwit is vir ons lewens en hoe ons dit kan bereik.

4.5 Het Yahshua die Sabbat geëer?

Luk 4:16 Toe kom Hy in Násaret waar Hy opgevoed was; en soos Hy gewoon was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge en staan op om te lees.

Luk 4:31 En Hy het afgekom na Kapérnaüm, 'n stad van Galiléa, en hulle op die sabbat geleer.

Yahshua het gereeld die dienste op die Sabbat bygewoon "...soos Hy gewoon was..." Yahshua, ons perfekte voorbeeld, het die sewende dagse Sabbat geheilig soos wat dit voorgeskryf staan. Die gemeente wat Hy gestig het het ook, soos altyd, voort gegaan met die gehoorsaamheid van die dag. Die voorbeeld van die Messias en Sy dissipels is in die Woord aangeteken vir ons om dit net so na te volg. Die Woord sê dat ons Yahshua se voorbeeld moet volg in al ons doen en late.

1 Pet 2:21 Want hiertoe is julle geroep, omdat Messias ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg;

4.6 Was dit ook die dissipels se gewoonte om die Sabbat te heilig?

Hand 17:2 En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie Sabbatte lank met hulle gespreek uit die Skrifte

Volgens hierdie teks is dit duidelik dat Paulus dieselfde Sabbatdag as Yahshua geheilig het. Indien Yahshua vandag binne ons leef (*Gal 2:20*) moet ons ook dieselfde dag as Hy hou, en dit is die sewende dagse Sabbat. Yahshua sou sekerlik aan Paulus geopenbaar het indien Hy die Sabbatdag of enige van Elohim se wette verander het, maar geen verandering was gemaak nie. Volgens die Woord is dit duidelik, Paulus het presies wat Yahshua gepreek het aan die eertydse gemeente oorgedra.

4.7 Het Paulus in 'n predominant heidense stad die sewende dagse Sabbat waargeneem?

Hand 17:2 En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gespreek uit die Skrifte

In Korinte het Paulus vir meer as 18 maande, vir ses dae per week, gewerk as 'n tentmaker. Elke Sabbat (wat ons deur die Romeinse kalender Saterdag noem), die sewende dag van die week, het hy gepreek. Let nou goed op. Die heidene het ook die Sabbat (Saterdag) in aanmerking geneem. Paulus het vir die heidene sowel as die Jode op die Sabbatdag gepreek! Dit wil sê, hulle was al klaar saam op die selfde plek. Die tyd, die dag, die rede was alles dieselfde. Net die boodskap oor Yahshua was "iets nuuts" wat Paulus in die plek van aanbidding meegedeel het uit die Woord van YHWH.

Hand 13:42 En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gespreek sou word.

4.8 Hoeveel mense het die daaropvolgende Sabbat na Paulus gaan luister?

Hand 13:44 En op die volgende sabbat het byna die hele stad saamgekom om die woord van Elohim te hoor.

In die eertydse gemeente het beide die Israeliete en heidene byeengekom vir die Sabbat. Daar is nie een teks in die Nuwe Testament wat daarop dui dat die dissipels Yahweh se wette, en meer spesifiek die Sabbatdag verander het nie.

Die vroeë Joodse leiers wie nie in Yahshua geglo het nie het spesifiek gesoek vir iets waarmee hulle die dissipels kon veroordeel. Dink u nie dat, indien Paulus een van die Tien Gebooue sou verander het, hy daarvan beskuldig sou word nie? Inteendeel, nêrens hoor ons dat Paulus deur enigeen beskuldig word dat hy die Sabbatdag van Saterdag na Sondag verander het nie.

Daar is een teks in *Hand 20:7* wat die King James Bybel verkeerd vertaal as die eerste dag van die week, maar kyk in die oorspronklike Aramees of selfs die Griekse vertalings en jy sal vind dat dit nie lees: "...op die eerste dag van die week..." nie, maar "...op een van die Sabbatdae..."

Indien Paulus die Sabbat na Sondag verander het, sou dit in *Handelinge 13* die perfekte aangeleentheid gewees het om vir die heidene te sê dat hulle die volgende dag, op die Sondag, verder moet kom luister na sy preek, maar hy het duidelik 'n hele week gewag tot en met die Saterdag om weer aan hulle te preek.

Daar is nie een teks in die Nuwe Testament wat die Sondag as Yahweh se ingestelde rusdag heilig nie. Indien wel, sou ons Skriftelike magtiging hê om die Sondag as Sabbatdag te heilig, maar daar is nie so 'n teks nie.

4.9 Wat het Paulus (met die gees van die Messias) die heidense gelowiges beveel om te doen?

1Kor 11:1 Wees my navolgers, soos ek dit ook van Messias is.

Fil 3:17 Wees ook my navolgers, broeders, en let op die wat so wandel soos julle ons tot voorbeeld het.

Paulus het aan die heidene verkondig dat hulle sy voorbeeld ten opsigte van gehoorsaamheid aan Elohim moes navolg. Die gelowiges van die eertydse gemeente van Yahweh het altyd vergader op die Sabbatdag, net soos die Messias gedoen het terwyl Hy in die vlees op aarde was, omdat Hy Yahweh se wette in die Woord noukeurig nagevolg het. Hy kon dit nie verbreek nie. Hy was die Woord in vlees!

4.10 'n Laaste punt met betrekking tot Paulus en die Sabbatdag.

Rom 14:1 En neem hom aan wat swak is in die geloof, nie om oor sy gevoelens te oordeel nie.

Rom 14:2 Die een glo dat 'n mens alles mag eet, maar hy wat swak is, eet groente.

Rom 14:3 Hy wat eet, moet hom wat nie eet, nie verag nie; en hy wat nie eet, moet hom wat eet, nie oordeel nie, want Elohim het hom aangeneem.

Rom 14:4 Wie is jy wat die huiskneg van 'n ander oordeel? Hy staan of val met betrekking tot sy eie heer; maar hy sal staande bly, want Elohim is magtig om hom staande te hou.

Rom 14:5 Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees.

Sommige mense haal hierdie teks in desperaatheid aan wanneer hulle aan ander wil bewys dat Yahweh se sewende dagse Sabbat verander het. Lees verse 1-5 weer noukeurig deur en let op dat die Sabbatdag nie eens genoem word nie. Inteendeel, Paulus was in gesprek met broeders wat vegetariërs was en hulle het ander gelowiges veroordeel omdat hulle vleis, wat moontlik as brandoffer vir 'n afgod gebruik was en toe later in die mark te koop was, geëet het. Die broeders het geweier om daarvan te eet (vas) en dit is waaroor Paulus gepraat het. Paulus het gesê dat diegene wat gevas het, het daardie dag van vas uiteengesit vir Yahweh, maar diegene wat nie gevas het nie, het dus nie die dag vir Yahweh afgesonder nie.

Kom ons wees eerlik met onself en erken dat die Sabbatdag nie eens genoem word nie. Dit vorm nie eers deel van die gesprek in *Romeine 14* nie.

Kolossense 2 word ook gebruik om die Sabbatdag te betwyfel, want dit word weereens buite konteks gelees, verdraai en waninterpreteer. Paulus skryf hier aan mense wat nie Jode is nie en wie deur ander heidene veroordeel word omdat hulle Yahweh se Sabbatdag en Heilige dae eerbiedig. Met die kennis in gedagte, lees weer Paulus se antwoord en sien duidelik dat Paulus met mense praat wat veroordeel word omdat hulle iets doen en nie omdat hulle iets nie hoef te doen nie!

Kol 2:8 Pas op dat niemand julle as buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Messias nie.

Kol 2:16 Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie,

Kol 2:17 wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Messias.

Die argument was nie om die heilige dae te eerbiedig nie, maar hoe dit eerbiedig moes word. Die mense in Kolossense was Gnosties en het geglo dat enige iets van die vlees, byvoorbeeld feesviering gedurende Sukkot, boos was omdat die vlees gevoed word. Maar Paulus se antwoord was dat hulle nie na die veroordeling van die heidene moet luister nie, maar hulle moet die voorbeeld volg van Yahweh se gemeentes, want die Heilige dae bly 'n skaduwee van toekomstige dinge en die gemeente is die Liggaam, waarvan Yahshua die Hoof is (Kol 1:18)

Verheug in Yahweh se Sabbatdag!

4.11 Is dit 'n las vir die gelowiges om Yahweh se Sabbatdag te heilig?

1 Joh 5:3 Want dit is die liefde tot Elohim, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie.

Die tien gebooie van Yahweh, insluitende die vierde gebod, is 'n seën en nie 'n las nie. Diegene wat die Woord waninterpreteer probeer dit laat blyk dat die Sabbatdag 'n "juk van verdrukking" is. Hulle praat ook asof die Sabbatdag 'n vloek vir die mensdom is. Hierdie mites moet uit die weg geruim word.

4.12 Was die mens vir die Sabbat gemaak of die Sabbat vir die mens?

Mark 2:27 En Hy sê vir hulle: Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie.

Soos vroeër gesê, die Sabbat is heilige tyd, maar ook gemaak vir die mens tot groot seën. Die Sabbatdag is een van die grootste seëninge wat die Skepper aan die menslike familie gegee het. Waarneming van die Sabbat behou die mens in kontak met Elohim. Sonder daardie kontak sal ons nooit weet wat die doel vir ons bestaan is nie of verstaan dat die Wet ons lei tot sukses in die lewe. Sonder die Sabbat is die mens afgesny van daardie verstandwording van wie ons is, waarheen ons op pad is en hoe ons daaruit gaan kom.

Die Jode het die Sabbatte onteer, daarom het Yahweh toegelaat dat hulle in ballingskap na Babilon geneem was (*Jer 17:21-25, 27; 2 Kron 36:5-7, 16-19, 21*). Menigte Jode wat toegelaat was om terug te keer na Jerusalem deur Cirrus, koning van Persië, het na hul ballingskap baie streng geword met reëls en regulasies ten opsigte van hoe die Sabbat waargeneem moet word. Om die rede het die Fariseërs 'n lys van ongeveer 65 aktiwiteite as "werk" geïdentifiseer wat verbode was op die Sabbat. Daardie verbode aktiwiteite het die Sabbat 'n "juk van verdrukking" gemaak. Die byvoegings het die gees en doel van die vierde gebod verduister en vertroebel. Yahshua het die eiegeregtige en selfregferdigende Fariseërs berispe vir hul onnodige en misleidende tradisies en het daardie mens gemaakte regulasies nie nagevolg nie. Daarom het hulle Hom beskuldig van die verbreking van die Sabbat, soos hulle dit gesien het, nie soos Yahweh dit uiteengesit het nie.

4.13 Is die Sabbat deel van Yahweh se skepping, al kan ons dit nie sien nie?

Gen 2:1 So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag.

Gen 2:2 En Elohim het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het.

Gen 2:3 En Elohim het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat Elohim geskape het deur dit te maak.

Rom 1:19 omdat wat van Elohim geken kan word, in hulle openbaar is, want Elohim het dit aan hulle geopenbaar.

Rom 1:20 Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie;

Rom 1:21 omdat hulle, alhoewel hulle Elohim geken het, Hom nie as Elohim verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister.

Rom 1:22 Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword

Rom 1:23 en die heerlijkheid van die onverganklike Elohim verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere.

Rom 1:24 Daarom het Elohim hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggeme onder mekaar te ontteer

Rom 1:25 hulle wat die waarheid van Elohim verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen.

Volgens *Genesis 2:1-2*, is dit duidelik dat die skepping nie voltooi was totdat die Sabbatdag tot stand gekom het met die Vader en Seun wat na die skepping van die Sabbatdag gerus het nie. Dit wil sê, die Sabbat is nie net 'n konsep nie, maar dit vorm deel van Yahweh se skepping.

In Romeine lees ons dat die Sabbatdag die enigste onsigbare gedeelte van die skeppings week was, sodat die mens altyd 'n bewys kan hê van die Skepper. Deur die mens se dwaasheid is die Sabbatdag verwaarloos en tot sy gesit. Gevolglik is die ware Skepper verwerp en die mens het begin om die son, maan, sterre ensovoorts te aanbid.

4.14 Yahshua wys dat dit nie verkeerd is om goeie dade op die Sabbat te doen nie.

Matt 12:9 En Hy het daarvandaan weggegaan en in hulle sinagoge gekom.

Matt 12:10 En daar was 'n man met 'n verdorde hand, en hulle het Hom gevra en gesê: Is dit geoorloof om op die sabbat gesond te maak? —sodat hulle Hom sou kan aankla.

Matt 12:11 Maar Hy sê vir hulle: Watter mens sal daar onder julle wees wat een skaap het, en as dit op die sabbat in 'n sloot val, dit nie sal gryp en uithaal nie?

Matt 12:12 Hoeveel meer is 'n mens dan nie werd as 'n skaap nie! So is dit dan geoorloof om op die sabbat goed te doen.

Matt 12:13 Toe sê Hy vir die man: Steek jou hand uit! En hy het dit uitgesteek, en dit is herstel, gesond soos die ander een.

Yahshua het erken dat dit geregverdig is om 'n goeie daad op die Sabbat te doen. Net soos 'n mens 'n dier sal help wat in nood verkeer, kan jou medemens ook gehelp word indien daar 'n noodgeval is wat nie kan wag totdat die Sabbat verby is nie.

Luk 14:5 En Hy antwoord en sê vir hulle: Wie van julle se esel of os sal in 'n put val, wat dit nie dadelik op die sabbatdag sal uittrek nie?

Luk 14:6 En hulle kon Hom daarop nie antwoord nie.

Elohim ver wag dat ons met eerlikheid ons eie oordeel sal gebruik in toediening van die gees en ware bedoeling van die Sabbatdag, sodat ons self besluit wat gedoen of nie gedoen kan word. Yahshua leer ons dat balans, wysheid en 'n regte houding nodig is vir die waarneming van die Sabbat.

Die Jode het hulself in fisiese rituele gedompel, daarom kon hulle nie verstaan wat die geestelike toediening van die Sabbat was nie. Hulle sou 'n dier uit 'n put red, maar het Yahshua veroordeel omdat hy 'n siek man op die Sabbat genees het. Deur die toediening van hul eie tradisies en interpretasies het hulle die Sabbatdag waarneming 'n las gemaak.

Vandag het die Ortodokse Jode ongeveer 1000 streng reëls wat die Sabbat reguleer en daardeur maak hulle die dag van rus 'n dag van verdrukking.

4.15 Hoe moet ons die Sabbat waarneem?

Jes 58:13 As jy jou voet terughou van die sabbat—om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van Yahweh hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie;

Jes 58:14 dan sal jy jou verlustig in Yahweh, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van Yahweh het dit gespreek.

Die Sabbat behoort aan Elohim. Hy het die sewende dag van die week geheilig. Aktiwiteite as werkgewer / werknemer, inkopies, gras sny, kook, huishoudelike instandhouding, stokperdjies, sport, spesiale belange ens. word in ses dae gedoen. Hierdie aktiwiteite neem ons gedagtes weg vanaf Elohim en Sy doel van die Sabbat.

Die Sabbat is 'n dag van blydskap en vreugde vir diegene wat die Hemelse Vader verheerlik en dien. Deur nie te werk en tyd te spandeer aan aardse plesiere, gee dit ons die geleentheid om meer tyd toe te wy aan gebed, studies, gesprekke en meditasie ten opsigte van Sy woord, wat ons gedagtegang vul met die denke en daede van die Hemelse Vader en Sy seun, Yahshua.

Die Sabbat is ook 'n tyd vir familie samesyn wat andersins nie moontlik is nie. Dit is 'n spesiale tyd wat saam spandeer kan word om die natuurskoon van Yahweh se skepping te bewonder. Deur die Sabbat te bewaar soos wat Yahweh ons beveel om te doen, sal aan ons die spirituele hupstoot en inspirasie gee wat ons benodig om doelgerig en met vreugde te werk. Dit wil sê, die Sabbat sal 'n groot plesier wees as ons dit volgens Elohim se opdrag op Sy weeklikse Heilige dag onderhou.

4.16 Samesyn op die Sabbat

Die Sabbat is 'n dag vir rus en spirituele verfrissing, maar ook 'n dag vir heilige byeenroeping en samesyn met ander gelowiges, indien mense geseënd is om naby ander gelowiges met dieselfde geloofsoortuiging te woon. Dit is baie belangrik dat ons die waarheid verstaan van egte samesyn.

Yahshua die Messias, het die voorbeeld gestel van hoe ons moet leef. Hy het deur Sy eie lewe en daede bewys dat Yahweh se gemeente vergader op die Sabbat. Dit is 'n dag vir Sy uitverkorenes om Elohim te aanbid en dit is 'n tyd vir Yahweh se diensknegte om te preek en ons te leer oor die beginsels van Yahweh se lewende wette vanuit Sy geïnspireerde Woord.

4.17 Die teregwyding van die Nuwe Testamentiese gelowiges

Heb 10:24 en laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor;

Heb 10:25 en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.

4.18 Die belangrikheid van ware samesyn met gelowiges van die gemeente van Yahweh

1 Joh 1:3 wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Yahshua die Messias.

1 Joh 1:6 As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie.

1 Joh 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Yahshua Messias, sy Seun, reinig ons van alle sonde.

HalleluYah!

Yahshua se teenwoordigheid op die Sabbat is wat die dag heilig maak. Wanneer die Vader se eie gehoorsame kinders hulle verbind tot Messias (*Joh 15:1-5*), wat in harmonie saamloop met Messias en vergader op Sy heilige dag, is hulle in samesyn met YHWH. Hy is daar in hul midde in die gees. Yahshua verenig hulle met die Vader. Somtyds dink nuwe gelowiges dat die samesyn slegs geskied deur byeen te kom in 'n groot korporatiewe kerk, maar meeste van die eertydse gemeentes was klein en het in huise byeen gekom, en in hierdie laaste dae gaan ons dit meer sien.

Matt 18:20 Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde.

4.19 Die Sabbatdag is 'n aparte verbond wat die Vader met Sy kinders aangegaan het as bewys lewering dat daar slegs een Elohim is en wie Sy verbonds volk is.

Eks 31:12 Verder het Yahweh met Moses gespreek en gesê:

Eks 31:13 Spreek jy met die kinders van Israel en sê: Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek Yahweh is wat julle heilig.

Eks 31:14 Onderhou dan die sabbat, want dit moet vir julle heilig wees. Hy wat dit ontheilig, moet sekerlik gedood word; want elkeen wat daarop werk verrig, dié siel moet uitgeroei word onder sy volksgenote uit.

Eks 31:15 Ses dae lank kan werk verrig word, maar op die sewende dag moet dit wees 'n dag van volkome rus, heilig aan Yahweh. Elkeen wat op die sabbatdag werk doen, moet sekerlik gedood word.

Eks 31:16 En die kinders van Israel moet die sabbat onderhou deur die sabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond.

Eks 31:17 Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig 'n teken; want in ses dae het Yahweh die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik.

Eks 31:18 En Hy het aan Moses, toe Hy geëindig het om met hom te spreek op die berg Sinai, die twee tafels van die Getuienis gegee, tafels van klip, beskrywe met die vinger van Elohim.

Hebreeus is 'n hiëroglifiese taal wat oorspronklik uit 22 prentjies bestaan het. Wanneer die woordprentjies bymekaar gevoeg was het hulle verskillende woorde en sinne uitgebeeld. Byvoorbeeld, die prent van 'n man wat by die prent van 'n wapen saam gesit is, sal die woord vir 'n vyand uitbeeld.

Die oorspronklike woordprent vir Sabbat beteken: “om terug te keer na die huis van die verbond”. Is dit nie baie interessant nie! Die Sabbat is die teken vir die familie verbond met Yahweh. Dit is nie net 'n teken nie, maar ook 'n manier om Yahweh se verbondskinders uit te sonder van die vals, heidense Sondag gemeenskap. Dit kan een van die grootste seëninge in jou lewe wees indien jy die Sabbatdag heilig en gebruik om te kommunikeer met die Hemelse Vader.

4.20 Yahweh, die Skepper van hemel en aarde, het die Sabbatdag uiteengesit vir Sy verbondsvolk

Gen 1:14 En Elohim het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitspansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye, asook vir dae sowel as jare.

Lev 23:1 Verder het Yahweh met Moses gespreek en gesê:

Lev 23:2 Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die feestye van Yahweh wat julle moet uitroep as heilige samekomste dit is my feestye.

Lev 23:3 Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit 'n dag van volkome rus, 'n heilige vierdag; géén werk mag julle doen nie dit is 'n sabbat van Yahweh in al julle woonplekke.

Die Hebreeuse woord vir seisoene in *Genesis 1:14* is "mo'edim" wat letterlik 'n heilige afspraak beteken. Dink aan die feit dat Yahweh, die Skepper van hemel en aarde, Hy wat alomteenwoordig is, het 'n spesiale 24 uur periode, vanaf Vrydag sonsondergang tot Saterdag sonsondergang, vir Sy verbondsvolk uiteengesit. Moet ons nie die nodige respek betoon deur die uitnodiging na 'n vergadering met Hom te aanvaar deur die Sabbatdag af te sonder en dit heilig te hou, soos Hy dit so mooi duidelike in Sy woord vir ons uiteengesit het nie?

Die Hebreeuse woord vir heilige samekomste in *Levitikus 23:2* beteken letterlik 'n repetisie. Die Sabbatdag het 'n tweevoudige betekenis van ons vryheid in die Messias. Die een aspek is dat ons vrygekoop is van sonde deur die bloed van Yahshua die Messias, gesluit in 'n verbonds verhouding deur die doop. Die ander aspek is dat dit 'n simboliese voorstelling is van die millennium heerskappy saam met Yahshua ons Koning.

Yahweh se skepping van hemel en aarde het ses dae geduur en op die sewende dag het Hy gerus en sodoende die Sabbatdag ingestel. Net so het Yahweh die mensdom 6000 jaar gegee om sy eie skole, regerings, ens op te rig. Wanneer die mensdom op die punt van totale verwoesting staan(en ons is amper daar) sal Yahshua terugkeer vir die 1000 jaar heerskappy om Sy geregtelike plek in te neem en die vrede te herstel. Deur die Sabbatdag te heilig gee aan ons die vooruitsig na 'n toekoms wanneer ons volkome vry sal wees van Satan en sy volgelingen in die perfekte beskerming van ons verlosser.

4.21 Deel van die vloek, as gevolg van Adam en Eva se sonde, was dat die man sal oorleef en voorsiening sal maak deur die sweet van sy aangesig.

Gen 3:17 En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie - vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.

Gen 3:18 Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet.

Gen 3:19 In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.

4.22 Die Sabbatdag dien as belofte dat Yahshua ons verlos het van die vloek sodat ons saam met Hom sal heers in die millennium.

Gal 3:13 Yahshua het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word - want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout (boom) hang-

Elke sewende dag van die week het ons die voorreg om voor YHWH te verskyn. Ons is geseënd om elke Sabbat te fokus op samesyn met die Hemelse Vader en Yahshua ons Verlosser, sowel as ons geliefdes in die vlees en in die gees. Ons kan al ons wêreldse probleme opsy skuif en Satan se wêreld agter los. Dit gee ons 'n voorsmakie van die wonderlike Koninkryk wat die sabbatdag uitbeeld.

Kortlikse samevatting:

- 1) Die Sabbat is die vierde gebod, dit wil sê, deel van die 10 gebooue wat vir ewig staan.
- 2) Die Sabbat was die voltooiing van die Skeppings week; nie net 'n instelling by Sinai nie.
- 3) Die Sabbat is 'n ewige teken van die verbond tussen Yahweh en Sy kinders.
- 4) Dis Sabbat is gemaak vir die mensdom as 'n seën om die Vader te aanbid en te vereer.

Die volgende drie boodskappe kan van die webwerf www.coyhwh.com afgelaai word:

1. The Law
2. The purpose of the Sabbath day
3. Rejoice in His Sabbaths